

DANS

'n Gereformeerd-etiese studie

PROF. P.W. BUYS

Potchefstroom 1980

"Hoewel die deputate van die Calvyn Jubileumboekefonds (C J B F) hierdie werk gekeur het, bly die menings hierin uitgespreek, of gevolgtrekkings waartoe geraak is, dié van die skrywer en moet dit in geen geval beskou word as die standpunt van die CJBF-deputate van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in S A nie."

Uitgegee deur

CALVYN JUBILEUM BOEKEFONDS

POSBUS 20004

NOORDBRUG 2522

ISBN 86955-018-7

Inhoud

Inhoud	2
Vooraf	3
1. Inleiding	4
2. Sosiale paardans in die algemeen	6
2.1 Definisie	6
2.2 Algemeen menslike verskynsel	6
2.3 Eie aan die menslike natuur	6
2.4 'n Opwekker van emosie	6
2.5 Uitdrukking van emosie	6
2.6 'n Vorm van kommunikasie	7
2.7 Die rol van musiekbegeleiding	7
2.8 Die rol van beligting, dwelmmiddels en kleredrag	8
2.9 'n Vorm van ontspanning en ontvlugting	8
2.10 Dans en seksualiteit	8
3. Die eietydse sosiale paardans	9
3.1 Bronne	9
3.2 Kentering in vorm en styl	9
3.3 Rol van vroue-emansipasie	9
3.4 Anti-"establishment"	9
3.5 Eietydse musiek	10
3.6 Dwelmverslawing	11
3.7 'n Onderdeel van die Revolusie van die twintigste eeu	11
3.8 Seksuele inslag	11
3.9 Wet van die mode: navolging	12
3.10 Samevatting	12
4. Dans by die lig van Skrif en Belydenis	13
4.1 Uitgangspunt	13
4.2 Roeping tot heiligmaking — en dans	13
4.3 Vernuwning na die beeld van Christus — en dans	14
4.4 Wedergeboorte en bekering — en dans	15
4.5 In die wêreld maar nie van die wêreld nie — en dans	15
4.6 Die tempel van die Heilige Gees — en dans	16
4.7 Sewende gebod — en dans	17
4.8 Gebed — en dans	18
4.9 Wat jy saai, sal jy maai	19
5. Kerklike uitsprake oor dans	20
6. Slotsom	21
Bronnelys	22

Vooraf

Die Kuratorium van die Teologiese Skool Potchefstroom het verlede jaar aan ondergetekende gevra "om 'n samevattende motivering van waarom dans as sonde beskou word, te gee".

Nadat die studiestuk ter insae aan al die kuratore individueel gestuur is, het die Kuratorium besluit dat die stuk gepubliseer moet word, natuurlik met die gebruikelike bepaling dat die skrywer (en nie die Kuratorium nie) verantwoordelik is vir die inhoud. Die feit dat die Kuratorium so 'n studie nodig ag, verdien seker die ernstige aandag van die hele Gereformeerde kerkverband.

Mag diegene wat met die inhoud van hierdie publikasie saamstem, daardeur in hulle goeie, Christelike oortuiging en wandel versterk word.

En diegene wat nie met die inhoud hiervan saamstem nie — mag die Heilige Gees hierdie publikasie gebruik om hulle tot nadenke te prikkel en hulle daadwerklik terug te bring na die goeie, Christelike lewenspad. Van hierdie pad sê die apostel Petrus (1 Petr. 1:14-16) "Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie. Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig."

P.W. Buys.
Potchefstroom. 1980.

1. Inleiding

Die mensdom van die twintigste eeu word meegesleur deur 'n haas onbedwingbare drif om te dans. By sowat alle denkbare sosiale geleenthede word daar gedans: huispartytjies, verjaardae, matriek-afskiede, gesellighede na sportbyeenkomste, die insameling van geld vir liefdadigheid. Die Christen word voortdurend, in talle van die sosiale verbande waaraan hy behoort, voor die keuse gestel: om saam te dans of te weier.

Daar is nog baie Christene wat weier om te dans. Maar daar is ook 'n groot aantal wat daar geen kwaad in sien nie en daarom saamdans. Hieruit ontstaan 'n onhoudbare situasie. Minstens twee van die Afrikaanse kerke, t.w. die Gereformeerde Kerk en die NG kerk, het Sinodebesluite geneem waarin dans veroordeel word (vgl. [punt 5](#)). Ondertussen is daar 'n aansienlike persentasie lidmate van hierdie twee Kerke wat dans, klaarblyklik dikwels met medewete van hulle Kerke. Onlangs nog is in die Stadsraad van Potchefstroom "een van die sterkste pleidooie vir die voorsiening van dansgeriewe vir Potchefstroom se jongmense (gelewer). Mnr. Oosthuizen, self 'n ouderling in die kerk, sê die dorp is besig om ons jongmense juis na sonde te dryf deur nie aan hulle geriewe waar hulle onder toesig kan dans te verskaf nie. Hy het gesê geen predikant sal hom van die teendeel oortuig nie . . ." (Anon., 1979, p. 1). Waar moet dit heen as die Sinode in 'n duidelike uitspraak dans veroordeel, maar die ouderlinge van die kerk moedig die lidmate aan om te dans! Hierdie situasie roep om ernstige besinning.

Uitsluitel oor die danskwessie word nog noodsaakliker in die lig van die feit dat daar tekens van 'n kentering by Gereformeerde teoloë oor die vraag of dans sonde is, te bespeur is. Calvyn (s.j., IV, p. 150), die vader van die Gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing, sê in 'n preek wat oor die sewende gebod handel: "Zoo zeggen zij, die graag dansen en losbandigheid begeeren: o, als er maar geen hoerij bij is, is dat dan zoo slecht? Het is alsof zij voluit met God willen spotten en Hem blinddoeken om Hem te slaan en dat Hij dan mag raden of er eenig kwaad in schuilt. Nu weet men wel, dat de dansen slechts inleiding kunnen zijn tot hoerij, dat zij dienen om elkaar klaarblijkelijk de deur voor Satan open te doen en te roepen dat hij kome, en dat hij stoutmoedig binnentrede. Dat zullen de dansen altijd meebrengen. Als men zegt: ik heb geen boezen hartstocht gehad, zoo maakt gij God tot een leugenaar."

Lê hiernaas die uitsprake van twee Gereformeerde etici. Die eerste is Schippers (1955, p. 225), wat 'n stilering van die erotiese as 'n gawe van God bepleit, sodat daar ook deur Christene gedans kan word op 'n wyse waardeur hulle lewe veredel word. Die tweede, Van Wyk (1975, p. 9), is hoopvol dat daar iets soos 'n "Gereformeerde dans" ontwikkel kan word, 'n ritmiese spel "wat ontgaan is vanuit (sic) die omklemming van sonde en perversiteit waaraan die moderne dans mank gaan, en waaraan die Christelike jongmense met 'n goeie gewete kan deelneem". 'n Logiese verlengstuk van hierdie standpunt in die praktyk is dans onder "toesig" soos dit by sommige inrigtings vir hoër onderwys gedoen word.

Hierdie klaarblyklike tweespalt tussen Gereformeerdes maak dit noodsaaklik dat opnuut vanuit die Skrif en die Gereformeerde belydenis oor die dansvraagstuk besin sal word.

Die doel van hierdie studie is om 'n Gereformeerde-etiese antwoord te gee op die vraag of 'n Christen mag dans.

Die woord *dans* dek egter so 'n wye verskeidenheid verskynsels dat begrensing van die ondersoek nodig is. Dans sluit onder meer in: godsdienstige koordanse uit die Bybelse tyd,

dans as kunsvorm soos ballet, tradisionele volksdansies, of volkspele soos dit in Suid-Afrika bekend staan, en dan die sosiale dans of paardans van man en vrou met sy wye verskeidenheid wat wissel van die statige minuet en wals tot die wildste eietydse rock 'n roll, twist, rumba, samba ensovoorts.

Hierdie ondersoek word tot die sosiale paardans in die algemeen en veral die eietydse sosiale dans beperk. Dit is immers hierdie dansvorme waaraan die Christene langamerhand al meer begin meedoen en waaroor die konflik tussen kerklike besluite en die lewenspraktyk van lidmate bestaan.

Agtereenvolgens sal aan die orde gestel word: Sosiale paardans in die algemeen; 'n beskrywing van die eietydse sosiale dans; 'n beoordeling vanuit die Skrif en Belydenisskrifte; die standpunt van die Gereformeerde Kerke; 'n slotsom.

2. Sosiale paardans in die algemeen

2.1 Definisie

Dans kan in sy elementêrste vorm omskryf word as: 'n Reeks bewegings en passies op die maat van musiek uitgevoer" (Schoonees e.a.,1965, p. 101). Hierby moet onthou word dat die bewegings ritmies is. Musiek is altyd ritmies, maar nie alle musiek het dansritme nie.

2.2 Algemeen menslike verskynsel

Haskell (1960, p.6) vestig die aandag daarop dat dans 'n algemeen menslike verskynsel is, 'n handeling wat by alle mense spontaan plaasvind. Hy noem dit 'n instink. "Something within each of us makes us want to dance . . . A good answer to this question would be to say that dancing is expressing one's emotion through movement disciplined by rhythm." 'n Mens sien die spontaneïteit van dans die beste by kinders: as hulle opgewonde is van blydschap, huppel hulle rond.

2.3 Eie aan die menslike natuur

Dans is nie net algemeen menslik en spontaan nie, dis ook 'n tipiese uiting van die menslike natuur. "The fact that there has always been dance compels us to accept it as an old and deeply rooted human activity the foundations of which reside in the nature of man" (H'Doubler, 1966, p. 163). Die woord *natuur* is afgelei van die Latynse *nasci*, wat "gebore word" beteken. Iets wat. natuurlik is, is aangebore, eie aan die mens se aangebore geaardheid. Met ander woorde, die mens word met die aandrift om te dans gebore.

2.4 'n Opwekker van emosie

Dans is 'n opwekker van emosie. Daarom het die primitiewe volke voor die vervulling van 'n taak wat groot inspanning vereis, gedans om hulle vir die taak op te sweep en hulle kragte daarvoor op te wek. Dit was die doel van die dans voor planttyd, oestyd, jag en oorlog (Sachs, 1965, p. 5). Dit is 'n feit dat die aanhoudende ritmiese herhaling van bepaalde liggaamsbewegings, veral beweging van die erogene (lusgevoel of geslagsdrif prikkelende) liggaamsdele, op die hele gestel, ook op die gees, 'n stimulerende uitwerking sal hê. Dit bevorder die bloedsomloop en prikkel sodoende met die verhoogde toevoer van suurstof deur die brein en senugestel die werking van die emosie. As dit boonop nog met die aanraking van en saambeweeg met iemand van die teenoorgestelde geslag, gepaard gaan, kan dit moeilik anders as om seksuele prikkeling te verwek en dit ook op die dansmaat oor te plant. Watter geweldige uitwerking dans op die emosionele lewe kan hê, blyk uit die volgende uitspraak van Ginner (1960, p. 59): "Through rhythmic movements they released the whole physical being in action and achieved an emotional excitement and delirium and danced themselves into a state of trance".

2.5 Uitdrukking van emosie

Maar dans is ook uitdrukking van emosie. Dit sê Haskell in die woorde hierbo in [2.2](#) aangehaal ("expressing one's emotion through movement"). Dit is ook die beskouing van Ginner (1960, p. 56): "The urge to dance as an outlet for the exuberance of life is natural to mankind throughout the world, it is the root of all dancing". Hiermee stem ook Geesink (1931, II, p. 298) saam: "De dans als de rythmische beweging van het lichaam als uitdrukking van een zielsge waarwording is algemeen menschelijk." Dit blyk ook uit die volgende uitspraak: "Primevally it is a spontaneous expression of a strong emotion, religious

or social" (Anon., 1936, p. 359).

Die mens wou deur die eeue heen sy godsdienstige, sosiale, estetiese en strydhaftige emosies deur middel van dans tot uitdrukking bring — ook sy erotiese en seksuele emosies. Die saamdans van twee mense van die teenoorgestelde geslag is daarom ook (by al die ander dinge wat dans is) 'n uitdrukking van erotiese gewaarwording en seksuele genot. "De gezelschapsdans, zeggen de gereformeerde ethici, is altijd ook erotische toenadering. Er is altijd de omvatting van het meisje, wellicht een onschuldige aanraking, maar meestal een contact dat anders niet geduld zou worden. De dans doet de heerlijkheid van het lichaam uitkomen en dient de aantrekking der geslachten" (Schippers, 1955, p. 219).

2.6 'n Vorm van kommunikasie

Dans is ook 'n vorm van kommunikasie. Man en vrou wat saamdans, sê iets aan mekaar. Hulle dra die emosie oor. Die man neem die vrou gewoonlik in sy arms. Daarin sit alreeds 'n uitnodiging en 'n antwoord. Met passies en liggaamsbeweginge neem hy die inisiatief en die vrou reageer met haar liggaam daarop. Dit is ekspressiewe liggaamlike tekentaal wat die dansers met mekaar praat — 'n taal waarby woorde maar kan ontbreek, omdat dit op subtiële wyse (en soms op skaamteloos openlike wyse) veel meer sê as wat woorde kan sê.

Dit is belewenis van die erotiese en kommunikasie van die seksuele. By die eietydse dans neem die man die vrou dikwels nie in sy arms nie, hulle dans los van mekaar maar met die gesigte na mekaar toe. Maar hulle is nog steeds besig om met hulle liggaamsbewegings met mekaar te kommunikeer. Dikwels is bewegings van die bekken en die heupe, soos hieronder (3.8) sal blyk, 'n onverbloemde nabootsing van die geslagsdaad en so suggestief dat dit nog meer seksuele prikkeling inhou as wanneer hulle in mekaar se arms sou gedans het.

2.7 Die rol van musiekbegeleiding

Die opwekking van emosie by die danser en die wedersydse oorplanting daarvan op die dansmaat word deur middel van volgehoue ritme bewerkstellig. Die liggaamsritme word op sy beurt deur ritmiese musiek aangewakker. Daar is 'n baie intieme verband tussen die ritme van musiek en die ritme van seksualiteit. "Musiek oefen oor die algemeen seksuele prikkels van die sterkste aard uit op mense wat sterk vir liefde sowel as musiek vatbaar is. So iemand kan onmoontlik die orkestrale stroom van Wagner se Tristan en Isolde (veral die tweede bedryf) ondergaan, sonder dat sy geslagsgevoelens daardeur diep in beroering gebring word. Ook kan so iemand onmoontlik die seldsame genot smaak om Johann Strauss se 'Sprokies uit die Weense Woud' deur 'n puik orkes met heerlike gang en gloed te hoor speel, sonder dat die klankbord van sy seksualiteit meesing. Shakespeare noem die musiek 'die voedsel van liefde' en sê in Twelfth Night (le Bedr., le Toneel):

If music be the food of love, play on, give me excess of it.

"Ek glo nie dat dit moontlik is om die erotiese werking van musiek beter uit te druk nie. En hierby speel die ritme (wat buitendien in enige vorm 'n oerbetekenis vir die geslagslewe het) 'n belangrike rol — miskien wel die belangrikste" (Van de Velde, 1977, p. 25). Of om dit in die woorde van 'n ander skrywer te sê: "The sound for measuring the rhythm enhances the emotional appeal, even if it is only mere hand clapping or drum tapping. Music advanced with dancing to stimulate the sense of rhythm" (Anon., 1936, p. 359).

Die musiekbegeleiding by dans is gewoonlik opswepend van aard. Die tipe musiek waarby gedans word, die volgehoue herhalende ritme en deesdae veral die tot raserny drywende

volume van die elektronies versterkte musiekinstrumente kan nie anders as om 'n prikkelende, opruiende, meeslepende uitwerking op die dansers te hê nie.

2.8 Die rol van beligting, dwelmmiddels en kleredrag

Met die musiek gaan dikwels die spesiale beligting van die danssaal gepaard. Dis gewoonlik 'n romantiese, skemeragtige atmosfeer met gedempte ligte waardeur 'n onwerklike wêreld los van die alledaagse geskep word. Soms word dit met bewegende, draaiende lig- en skadukolle afgewissel, wat 'n bedwelmente uitwerking op die sinne het. Voeg hierby die gebruik (en dikwels misbruik) van alkoholiese drank (en in sommige gevalle sterker dwelmmiddels soos LSD) waardeur die selfbeheersing afgestomp word. Maar selfs daarmee is die prentjie nie voltooi nie. Dit hoort nou eenmaal by dans dat die vroue lig, skamel of ten minste suggestief geklee is.

2.9 'n Vorm van ontspanning en ontvlugting

Dit alles bymekaar maak van dans 'n vorm van ontspanning en ontvlugting deur die afbreek van die kodes en reserwes wat in die daaglikse lewe geld, 'n loskom van en 'n uitspatting uit die beginsels en norme waardeur die lewe in die helder, harde daglig beheer word. "Dance, freeing the body from needless inhibitions and breaking down some of the unessential reserves (sic!), frees the personality for a wider and more satisfying life" (H'Doubler, 1966, p. 163). Dit is 'n ontvlugting na die oerwoud van vergetelheid waarin die primitiewe ritme van die trom en die blêr van die saksofoon en die bedwelming van sterk drank en die skemeratmosfeer en die mallemeule van suggestief bewegende liggame die mens kondisioneer en prikkel en opsweep tot 'n intense belewenis van gewettigde, kollektiewe, promiskue seksualiteit.

2.10 Dans en seksualiteit

Van de Velde (1977, p.153) neem alle twyfel oor die diepste motief van die sosiale paardans weg as hy beweer dat dans die ideale vorm van die voorspel tot die geslagsdaad is. Hy sê in sy bespreking van die liefdespel wat aan die geslagsdaad voorafgaan: "Verder wil ek op die dans wys, wat by beskaafde mense nou wel 'n deel van sy oer-seksuele betekenis verloor het maar tog selfs in ons tyd en ons gemeenskap 'n sterk erotiese prikkelingsvermoë besit. Hierby dink ek allereers aan sekere volksdanse, o.a. van die Russe, die Sisiliane en Tirolers, waar die karakter as lokdansa baie duidelik blyk. Hulle uitwerking berus nie net op betekenisvolle gebaretaal nie, maar ook op gesigsindrukke van beweging en gehoorsindrukke van musikale aard, en veral op 'n kombinasie van die laasgenoemde twee wat in die ritme tot uiting kom".

Hierdie sterk seksuele inslag van die sosiale paardans in die algemeen het in die eietydse dans in uiterste gevalle daartoe ontwikkel dat dans nie net meer 'n ideale voorspel vir die geslagsdaad of 'n nabootsing van die geslagsdaad is nie maar, soos verder in hierdie studie sal blyk, soms 'n daadwerklike belewenis van die geslagsdaad self is.

3. Die eietydse sosiale paardans

3.1 Bronne

Hoe lyk die eietydse dans?

Dis nie so maklik vir iemand wat daarbuite staan, om 'n objektiewe, korrekte beskrywing daarvan te gee nie. Gelukkig is daar skrywers wat 'n wetenskaplike studie gemaak het en 'n duidelike beeld van die eietydse dans geteken het.

Hierdie skrywers is nie vyande van dans nie. Uit wat hulle skrywe, blyk dat hulle positief teenoor dans staan. Daar is dus nie gevaar dat hulle uit afkeer van die verskynsel 'n oordrewe en vertekende beeld daarvan sal gee nie. Om te bewys dat hulle 'n juiste beskrywing gee van wat in die danssale van die wêreld aangaan, het sommige van hulle hulle beskrywings met talle foto's toegelig.

Uit hierdie werke word nou die volgende ideaal-tipiese beeld van die eietydse sosiale paardans gebied

3.2 Kentering in vorm en styl

Die twintigste eeu het sy eie dansvorme en dansstyle ontwikkel. Dit het al vroeg in die eeu begin met die Mars, die Foxtrot, die Jazz en het in die laat twintigerjare in die Charleston 'n klimaks bereik. Laasgenoemde het "alle ander danse doodgemaak, omdat dit wilder is" ('n ongedokumenteerde aanhaling by De Klerk & Venter, 1926, p. 32).

Die wildste wat die eerste helfte van die twintigste eeu opgelewer het, was egter kinderspeletjies in vergelyking met wat sedert die sestigerjare van die twintigste eeu op die dansbane gebeur.

3.3 Rol van vrou-emansipasie

Die kentering sedert die sestigerjare is 'n onderdeel van die wyd verbreide seksuele revolusie met die aksent wat van hierdie tyd af op die vrou-emansipasie gelê word, wat op sy beurt weer met die koms van die "pil" saamhang. Die vrou het daardeur meteens 'n nuwe vryheid op seksuele gebied verkry, die vryheid van seksuele verkeer sonder gevaar van swangerskap. Daarom wou sy ook in geslagsake nie meer die passiewe rol van vroeër speel nie maar as gelyke van die man die inisiatief neem wanneer sy lus het. Dit sou vir haar hele liefdeslewe geld. Dit sou ook op die dansvloer die reël word.

Voorheen was die man die leier in die dans en die vrou die volgeling, "man and woman in closed dance position, the man leading and the woman ready to respond" (Ellfeldt, 1976, p. 128). Die nuwe aksent op vrou-emansipasie het tot gevolg gehad dat man en vrou as twee volkome gelykwaardige individue los van mekaar begin dans het in dansvorme bekend as "rock" en "twist". By die verskil in dansposisie (los van mekaar) "the actual movement of rock dances changed from the sedate and genteel gliding of traditional social dance to a rather nervous emphasis upon individual erotic pelvic actions" (Ellfeldt, 1976, p. 128).

3.4 Anti-"establishment"

'n Belangrike aspek van die eietydse dans is dat dit 'n inherente onderdeel van die sogenaamde kontrakultuur is en dat dit ook polities geïntegreerd geraak het. Die Amerikaanse dansdeuntjies het nie net 'n seksuele boodskap verkondig nie maar ook 'n

sosiaal-politiese. Die jongmense wat in "radical change" geïnteresseerd was, het na die "rock"-liedjies begin luister. Algaande het die verband tussen popmusiek, dans en politiek tot 'n selfstandige "rock culture" begin uitgroeï. "Rock" het weldra "a visible form of delinquency" geblyk te wees (Quirey, 1976, p. 93). Daar was ook 'n baie duidelike anti-godsdienstige strekking in baie van die liedjies of anders 'n nuwe soort godsdienstigheid op die vlak van "Jesus Christ Superstar".

Die "Beatniks", byvoorbeeld, het hulle afkeer van en opstand teen die "establishment" van staat, kerk en maatskappy in hulle hele lewenstyl uitgedruk: kleredrag, haarstyl, soort werk of werkloosheid, kollektiewe, vrye seks, "slang", musiek en natuurlik . . . wyse van dans (Quirey, p. 96). Daarom het ernstige Amerikaners "rock" as die vermaak van gedegeneerde begin beskou, 'n kinetiese weergawe van die Oosterse dwelmmiddels wat mense tot seksuele wandade en sadistiese moorde dryf. "Rock" was nie meer net 'n simptom nie. "It might also be a disease that would destroy the constitution. White kids were starting to act like negroes. Things were falling apart" (Quirey, 1976, p. 96).

3.5 Eietydse musiek

Die nuwe dansvorme het hand aan hand met nuwe eksperimente in die musiek gegaan. 'n Gebroke maatslag in die regterhand gespeel teenoor 'n volgehoue reëlmatige slag in die linkerhand, met geleidelik toenemende tempo tot 'n punt van raserny, is in staat om dieselfde disintegrasie en byna histeriese uitwerking op 'n mens te hê as wanneer hy sou probeer om met alle mag gelyktydig in twee teenoorgestelde rigtings te hardloop. Enige psigiater weet dat dit juis hierdie teenstrydige dwang van botsende drange en emosies is wat help om gestigte vir sielsiekes met gebroke menslike wrakke te vul. Hierdie sogenaamde psigedeliese musiek is gebaseer op die sielkundige beginsels waarvan Pavlov in sy eksperimente met honde gebruik gemaak het. Hy het honde om die beurt saam met die lui van klokkies op twee verskillende toonhoogtes kos en slae gegee. Daardeur het hy met die lui van die klokkies beurtelings lus- en angsgevoelens by die honde gestimuleer. Deur die toonhoogtes van die klokkies geleidelik nader aan mekaar te bring en uiteindelik die klokkies op dieselfde toonhoogte te laat lui, het hy die honde senu-instortings laat kry. Heelwat van die moderne dansmusiek berus op dieselfde sielkundige beginsels en is in staat om die mens se gees geheel en al te disoriënteer.

Die hipnotiserende, opruiende krag van hierdie musiek blyk duidelik uit wat Van der Hoven (1971, p. 18) vertel: "Dit is hulle (die Beatles — P.W.B.) wat 'n toestand van massahipnose en massahisterie skep. Tydens een van hulle konserte in Vancouver, is honderd mense in 'n 29-minute konsert beseer, 1 000 in Melbourne, Australië. In Beiroet moes waterslange gebruik word om die histeriese aanhangers uitmekaar te jaag. In baie gevalle byt jongmense in bewondering hulle lippe totdat die bloed loop, die histeriese aandoening laat talle selfs hulle klere uittrek. Dit is niks anders as massa-hipnose en kunsmatige neurose nie. Pavlov het dit reeds bewys . . . Pavlov het sy diere met blote aanskakeling van 'n lig speeksel laat afskei, die Beatles sing en hulle bewonderaars trek hulle klere uit".

Hierdie musiek het 'n eie religieuse inslag: die religie van die Antichris, Taylor (aangehaal deur Van der Hoven, 1971, p. 19), die Beatles se persbeampte, skryf: "It's incredible, absolutely incredible, here are these four boys from Liverpool. They're rude, they're profane, they're vulgar, and they've taken over the world. It's as if they'd founded a new religion. They're completely anti-Christ, I mean, I am anti-Christ as well, but they're so anti-Christ they shock me, which isn't an easy thing".

3.6 Dwelmverslawing

Saam met die vroue-emansipasie, nuwe dansvorme, politieke, maatskaplike en godsdienstige opstandigheid, seksuele promiskuiteit en popmusiek het as verdere komponent van die revolusionêre kultus die dwelmverslawing gekom. Die ding is so met mekaar geïntegreer dat die een nie meer sonder die ander gedink kan word nie. "Bands on the West Coast of the States, where the LSD fad began, started to make music to take drugs to. Also to make love to. It was called simply *acid rock* and it abandoned regular rhythm and lyrical density and relied on pure sound . . . and improvisation . . . The new music was made for the bedroom as well as for the dance floor" (Quirey, 1976, p. 104).

3.7 'n Onderdeel van die Revolusie van die twintigste eeu

Uit die voorgaande blyk dit dat die eietydse dans nie maar net die ongekompliseerde spontane uiting van 'n natuurlike aandrift tot ritmiese beweging is soos voorheen die geval was nie. Nee, hier speel 'n hele komplekse samehang van emosies en drifte en neigings deureen. Dit is onderstromings wat eie is aan die Revolusie van die twintigste eeu, wat veral sedert die sestigerjare vaart gekry het. In die kader van die Revolusie van die twintigste eeu is daar ook 'n seksuele revolusie aan die gang, en die eietydse dans is een van die vernaamste eksponente van hierdie seksuele revolusie.

3.8 Seksuele inslag

Hoe seksueel die eietydse dans is, sal uit die volgende blyk.

Sowel die los van mekaar dans as die saamdans wat, uit reaksie teen eersgenoemde, sedert die begin van die sewentigerjare weer populêr geword het, is deur en deur op die prikkeling van seksualiteit afgestem. Dit was natuurlik nie iets nuuts nie. Die bewuste seksuele prikkeling het al in die twintigerjare by die Charleston en die Black Bottom voorgekom. "In those days, at Gatsby's parties for example, couples would throw themselves (or each other) around in a rough imitation of sexual frenzy, parting their legs or moving their breasts as they thought Negroes might have done if they'd had enough moonshine whisky . . . Rock 'n roll was similar but more overtly sexual . . . it was still alright to throw your partner around in a manner that simulated the most athletic kind of sex. The girl would throw her legs around the man's waist, lean back and open her legs, and the two would swirl around each other (or over or under), fingertips clutched and arms outstretched. The centre of gravity, as Elvis Presley ("the Pelvis") showed everyone, was definitely sexual. The whole performance was such a direct imitation of sex it may have been a substitute rather than a form of seduction" (Quirey, 1976, p. 91).

Na die "Rock" het die "Twist" gekom. Tieners het daarvan gehou "because it was sexy . . . As in the days of Elvis the Pelvis the centre of gravity was still in the hips but you could move your hips very discreetly indeed. In fact you didn't have to do very much at all. If you worked up a sweat it was as likely to be in an effort to slim as to simulate sex" (Quirey, 1976, p. 69).

In hierdie era het veral twee persone naas Presley op die Amerikaanse danstoneel die toon aangegee. Hulle was Mick Jagger en Tina Turner. Eersgenoemde word beskryf as arrogant, uitdagend, "aggressively sexual . . . Today a simple display of *machismo* would attract as much laughter as a series of homosexual postures. As Jagger became more and more theatrical in the late Sixties, styles of sex on the dance floor began not only to meet but to overlap" (Quirey, 1976, p. 103).

Die ander persoon was Tina Turner. "She came on with a direct sexuality associated in the

past only with male stars like Elvis Presley. And she made Elvis look like a pallid adolescent. Flashing around the stage in "see-through dresses cut high above her knee, she'd throw her long hair and long limbs around as if she'd been plugged into an electric guitar lead" (Quirey, 1976, p. 103).

Hierdie drie mense, Presley, Jagger en Turner het die manier waarop mense oor die hele Westerse wêreld gedans het, radikaal verander. "It wasn't just that the sexes were melting into each other. They both *performed* (Quirey, 1976. p. 103).

Met ander woorde, die eietydse dans, as hy gedoen word soos die groot apostels daarvan, Presley, Jagger en Turner, dit gedoen het, is nie meer net 'n nabootsing van die seksdaad nie, dis bedoel om die seksdaad self te wees waaraan sowel man as vrou in die openbaar deelneem.

3.9 Wet van die mode: navolging

Natuurlik wil dit nie sê dat daar by elke eietydse dansparty tot die uiterstes gegaan word van die voorbeeld wat Presley, Jagger en Turner gestel het nie. Maar dit was die ideaal-tipiese voorbeeld. En die eietydse dans is gewoonlik 'n flouer of sterker nabootsing daarvan. Daarvoor sorg die kommunikasiemedie van bioskoop, televisie en tydskrif. Dit is die mode van die tyd. En veral by jongmense geld dit as 'n lewenswet: liever dood as uit die mode. As Presley, Jagger en Turner of, om nader aan die huidige dag te kom: John Travolta en Olivia Newton-John dit só gedoen het, dan is dit soos dit gedoen moet word. En hulle duisende bewonderaars gaan hulle in hulle hele lewenswandel, haarstyl, kleredrag en wyse van dans tot in die fynste besonderhede probeer naboots.

3.10 Samevatting

Om saam te vat: Die Revolusie van die twintigste eeu het 'n godsdiens geword — die godsdiens van die Antichris. Soos 'n mens in die Christelike godsdiens na die beeld van Christus vernuwe moet word ([Heidelbergse Kategismus, Sondag 32, vr. 86](#)), so is dit 'n eis van die godsdiens van die Revolusie dat jy na die beeld van die Antichris en die gode wat jy aanbid, vernuwe word. Die eietydse dans is een van die sakramente in hierdie godsdiens, net soos dans by die ou Grieke 'n deel was van die verering van hulle gode Dionisos, Aphrodite en andere. Die disco is 'n tempel. Elvis Presley, die vader van die eietydse dans, is onlangs in 'n artikel genoem 'n halfgod vir miljoene — bekend by haas elke mens op aarde . . . Byna 'n lewende dooie . . . maar sy gehore bly hom aanbid" (Anon., 1980, p. 18, 21). Mag 'n Christen aan hierdie afgodery meedoen?

4. Dans by die lig van Skrif en Belydenis

4.1 Uitgangspunt

Op die vraag of die Christen mag dans, kan alleen geantwoord word as daar grondig rekenskap gegee is van wie die Christen is en hoe sy lewenswandel volgens die eise van die Skrif moet wees. Op die vraag waarom jy 'n Christen genoem word, antwoord die Heidelbergse Kategismus ([Sondag 12, vr. 32](#)): "Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel het aan sy salwing met die Heilige Gees, sodat ek sy Naam kan bely, myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy, met 'n vrye en goeie gewete in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel kan stry, om hierna in ewigheid saam met Hom oor alle skepsele te regeer".

Hoe die lewe van die Christen moet wees, word pragtig deur Calvyn (Institusie, III, VI en VII) beskrywe in twee hoofstukke onder die opskrifte "Over het leven des Christens en de opwekking der Schrift daartoe" en "Over den korten inhoud van het Christelijk leven". As uitgangspunt stel hy die vraag: Van watter grondslag sou die onderwysing van die Skrif 'n gepaster aanvang kan maak as hiervan dat dit ons vermaan dat ons heilig moet word omdat ons God heilig is (Lev. 19:1; vgl. 1 Petr. 1:16)?

Wees heilig, want God is heilig (Lev. 11:44). Dit is die uitgangspunt en sleutelnoot van die Christelike lewenswandel. Dit is ook die beginsel vir die Gereformeerd-etiese beoordeling van alle menslike gedagtes, woorde en werke. Ook van dans.

4.2 Roeping tot heiligmaking — en dans

Omdat die Christen in Christus volmaak heilig is voor God (Joh. 17:19; 1 Kor. 1:30; Ef. 2:10; vgl. Bavinck, 1911, IV, p. 266, 701), roep die Woord van God hom op tot heiligmaking in sy hele lewenswandel. Hy moet dus elke dag steeds meer begin lyk na die beeld wat Christus van hom aan die Vader voorstel. En dis nie maar 'n onverskillige saak wat na willekeur gedoen of gelaat kan word of waaraan 'n mens so nou en dan 'n bietjie meedoen en dit maar weer nalaat nie. Sonder die heiligmaking sal niemand die Here sien nie (Hebr. 12:14).

Daarom is die Bybel vol oproepe tot heiligmaking. Om maar 'n paar te noem.

Paulus skryf aan die Romeine, wat vroeër "diensknegte van die sonde was" (6:17) maar nou van die sonde vrygemaak is (6:18): "Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle lede diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking" (6:19, vgl. ook v. 22).

Aan die Korinthiërs skryf die apostel: "Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring" (2 Kor. 7:1).

'n Laaste voorbeeld. In sy eerste brief aan die Tessalonisense waarsku Paulus teen die onsedelikheid. Hy skryf: "Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking. Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het" (4:7, 8).

Is dit moontlik om hierdie oproepe tot heiligmaking te gehoorsaam en terselfdertyd deel te

neem aan sosiale dans?

4.3 Vernuwning na die beeld van Christus — en dans

Die heiligmaking bestaan in die daaglikse vernuwning van die sondaarmens deur die Heilige Gees na die beeld van Jesus Christus nadat hy deur die bloed van Christus geregverdig is ([Heidelbergse Kategismus, Sondag 32, vr. 86](#)). Die vernuwning na die beeld van Christus beteken nie lewensontvlugting nie. Jesus het Hom tydens sy omwandering op aarde nie soos 'n askeet gedra nie. Hy het aan 'n bruilof (Joh. 2:2 e.v.) en feesmaaltye (Luk. 7:36 e.v., 15:2 e.v.) deelgeneem. Hy het selfs nie weelde as sodanig veroordeel nie, soos blyk uit die feit dat Hy die salwing van sy hoof met baie kosbare salf nie van die hand gewys het nie (Matt. 26:7).

Heiligmaking beteken dus nie lewensontvlugting nie maar lewensheiliging. Die heiligmaking moet alle sektore van die menslike lewe deurdring — ook die sosiale ontspannings- en geselligheidslewe. Maar kan 'n mens die sosiale paardans ook heilig? Dit is die ideaal wat Schippers (1955, p. 255) en Van Wyk (1975, p. 9) voor oë het: stilering van die erotiese totdat daar 'n "Gereformeerde dans" ontstaan waaraan die Christene ook tot veredeling van hulle lewe kan meedoen. Dit is seker ook die motief van die gebruik hierbo ([punt 1](#)) genoem om dans onder toesig te laat plaasvind. Die praktyk het bewys dat dit nie deug nie. 'n Onskuldige dansvorm soos volkspele, waarin die erotiek gestileer is, is jare lank al besig om jammerlik te misluk. Hoër onderwysinrigtings waar dit gebruiklik is om op groot dansaande vir die nie-dansers volkspele aan te bied, lewer die bewys. Terwyl die dansvloer oorlaai is, daag daar 'n handjievol volkspelers op. Volkspele bevredig nie die aangebore, natuurlike danslus van die jongmens nie, omdat volkspele sonder die seksuele prikkeling van sosiale paardans is.

Wat dan anders? 'n Regte dans, maar dan sonder sterk drank en met behoorlike kleding en onder die nodige toesig? Daarvan kan gerus vergeet word. Die mense het nou eenmaal lief geword vir die seksualiteit van die sosiale paardans. Christelike stilering daarvan beteken dat die seksuele element daaruit verwyder moet word. Maar dan het die mensdom geen lus daarvoor nie en neem maar weer sy toevlug na wat meer prikkelend is.

En wat die dans onder toesig (vgl. [punt 1](#)) betref: Dit is op sy sagste gesê 'n stukkie vroom selfmisleiding. Wie sal toesig hou oor wat daar in die harte van mense aangaan op die dansbaan waar alles op die prikkeling van die vlees ingestel is? En wie sal bepaal waar loop in die geval van elke nuwe dans die grens tussen erotiek en seksualiteit? En met watter maatreëls sal die toesighouer die dansers 'n hele aand aan die veilige kant hou? En hoe lank sal jongmense tevrede wees om onder toesig te dans? Moet hulle elke aand wat hulle graag wil dans, eers wag dat die amptelike toesighouer opdaag voordat hulle kan begin, en stiptelik ophou dans wanneer die toesighouer loop? By inrigtings waar dans "onder toesig" geskied, dans studente sowat elke aand van die week (behalwe Sondag) wanneer daar ook maar 'n halfuurtjie beskikbaar is.

Stilering van sosiale paardans?
Dans onder toesig?

'n Mens kan ewe goed vir jou kinders 'n leeuwelpie as troeteldier koop . . . en hoop hy sal hulle nie eendag as hy groot is, byt nie. Die erotiese en seksuele aanleg van die mens is 'n goeie gawe uit die hand van God. Maar deur die sondeval is hier groot verwoesting aangerig en het dit wild geword — byna ontembaar wild soos 'n leeu.

En die duiwel weet dit baie goed. Die sosiale paardans van man en vrou was deur die eeue heen 'n middel in sy hand om onder die dekmantel van geselligheid en speelse ontspanning mense se gees te besoedel en baie van hulle tot 'n val te bring. Die duiwel is baie slim en 'n uitnemende mensekenner. As hy jou lewe wil verwoes, kom hy jou natuurlik nie voor die bors gryp en sê: "Vandag gaan ek jou tot 'n val bring en jou in die verderf gooi nie", Nee, hy prikkel jou sondige begeertes met iets wat vir jou baie mooi lyk en waarvoor jy selfs besondere aanleg het. En dan help hy jou stap vir stap om jou eie ondergang te bewerkstellig. Dit het al 'n algemeen bekende cliché geword dat die euwels van ongehude moederskap, gedwonge huwelike en Huwelike wat deur owerspels verwoes word, tot danspartye herleibaar is. Volgens die statistiek (SA Regskommissie, 1978, p. 2) word een uit elke drie huwelike wat in Suid-Afrika gesluit word, weer in die egskeidingshof ontbind. Volgens nog verdere statistiek (Van der Walt, 1964, p. 12) word 84% van alle egskeidings in Suid-Afrika deur wanverhoudinge wat op die dansbaan begin het, veroorsaak.

Aan die vrugte sal die boom geken word! Hoe op aarde wil 'n mens 'n verskynsel soos sosiale paardans, wat hierdie duiwelse tendense openbaar en sulke resultate tot gevolg het, stileer, reformeer en heilig totdat dit 'n vorm van vermaak is waaraan 'n Christen onder toesig met 'n skoon gewete tot eer van God en tot veredeling van sy lewe kan meedoen as onderdeel van die heiligmaking waartoe hy geroep is?

4.4 Wedergeboorte en bekering — en dans

Dit kan ook nie anders nie, want die lewensheiliging word nie bereik langs die weg van toesig oor of van stiling van die erotiese en die seksuele wat albei deur die sondeval verwoes is nie, maar deur die wedergeboorte en bekering. Die wedergeboorte is die opwekking uit die sondedood, in sy krag nie minder of geringer as die opwekking van die dode self nie ([Dordse Leerreëls, 3/4, 12](#)). Die bekering is die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe of, soos die Kategismus dit verder omskryf: "'n Hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het sodat ons dit nou hoe langer hoe meer haat en ontvlug", en 'n hartlike vreugde in God deur Christus en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe" ([Sondag 33, vr. 88, 89, 90](#)). Calvin (1891, III, 111,3) noem dit respektiewelik die verbryseling waarin die sondaar verslae, verbaas en vernederd neergeslaan word, en die lewendmaking, dit is die vertroosting wat uit die geloof gebore word wanneer die gelowige sy oë vestig op God se goedheid, barmhartigheid, genade en saligheid wat daar in Christus is. Hoeveel myle lê hierdie lewenslange, daaglikse geloofsworstelinge en geheiligde vreugde in Christus en die onuitspreeklike blydskap van die Heilige Gees in die Christen verwyderd van die klimaat wat daar in 'n dansaal heers!

4.5 In die wêreld maar nie van die wêreld nie — en dans

Natuurlik is die Christen nog in die wêreld. Maar, sê die Bybel: Julle is *in* die wêreld, maar nie *van* die wêreld nie (1 Joh. 4:17; Joh. 15:19). Die bekeringslewe vereis dus 'n ander houding teenoor die wêreld as die ou sondige lewe. Daarom sal die gelowige in hierdie wêreld, wat in die mag van die Bose lê (1 Joh. 5:19), steeds met kinderlike gehoorsaamheid moet ag gee op die voorskrif van 1 Johannes 2:15-17: "Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in Hom nie. Want alles wat in die wêreld is — die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe — is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig."

Du Toit (1977, 5, p. 265) het in 'n preek oor hierdie teks spesifiek na dans verwys as een van die dinge van die wêreld wat deur die Christen se liefde vir God vir hom onaanvaarbaar geword het: "Tussen die gelowige en die sondige wêreld buite en in hom moet skeiding kom. Dit is dan nie soseer die stoflike wêreld nie maar 'n verderf wat agter en in die wêreld sit . . . Dans as sodanig is 'n liggaamlike beweging, maar agter en in die dans sit mense, en in die mense is begeerlikheid, dartelheid, wellus, en daarom mag ons die danswêreld nie liefhê nie. Laat ons dit nooit vergeet nie. Ons moet so versigtig wees. Sulke fynproewers wees. Ons moet altyd sif en toets. Die wêreld is goed, maar die wêreld lê in die sonde, en dit lyk of die groot Bose sekere dele van die wêreld veral gebruik om dit die sondige instrument van sy versoeking te maak. Daarom is veral sekere dinge van die wêreld dan ook kontrabande (verbode goed) op die erf van die Gereformeerde lewe." Dans is een van die verbode dinge.

4.6 Die tempel van die Heilige Gees — en dans

Die heiligmaking waartoe die Christene geroep word, is die werk van die Heilige Gees. Aan die Efesiërs (5:18) skryf Paulus: "Word met die Gees vervul". Hy woon in die hart van die gelowige, wat na liggaam en siel tempel van die Heilige Gees is ([Heidelbergse Kategismus, Sondag 41, vr. 109](#)). Dis nie betaamlik nie, sê Calvyn (1891, III, VI,2), "dat het Heiligdom, waarin Hij woont, met vuiligheden, gelijk een stal, zou vervuld zijn" Daarom word die Christen geroep tot 'n *wandel* deur die Gees sodat hy nooit die begeerlikhede van die vlees sal volbring nie (Gal. 5:16). Want, sê Paulus, "die vlees begeer teen die Gees en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie." In hierdie wandel deur die Gees wil die apostel dat die gelowiges deur die Gees *gelei* word (Gal. 5:18), sodat hulle die *vrug* van die Gees sal voortbring, wat bestaan in liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing (v. 22).

Die vrug van die Gees staan teenoor die werke van die vlees wat die mens van nature voortbring: "Owerspel, hoerery, onreinheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie" (Gal. 5:21). (Ek kom weldra terug op die woord *brassery* — P.W.B.) Uiteindelik wil die apostel dat die Christene deur die Gees sal lewe (Gal. 5:25), dit is, so vervul sal wees met die Gees dat hulle soos Paulus kan sê: "Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my" (Gal. 2:20). Wandel in die Gees, gelei deur die Gees, dra die vrug van die Gees, lewe deur die Gees — dit is waartoe die Christen geroep word.

Wat moet hiervan teregkom in die lewe van 'n mens wat op die dansbane boer waar letterlik alles op die verlustiging in die werke van die vlees ingestel is? In plaas van 'n wandel en 'n lewe in die Gees is dit veeleer 'n lewe waarin die Gees bedroef (Ef. 4:30) en algaande uitgeblus (1 Tess. 5:19) word en, as God dit nie verhoed nie, uiteindelik gesmaak word (Hebr. 10:29).

Die vlees waarvan die Bybel praat, is niks anders as 'n mens se ou sondige natuur waarmee jy gebore word nie. Wat die vlees bedink, sê Paulus (Rom. 8:7), is vyandskap teen God.

So is die mens se natuur na die sondeval — onbekwaam tot enige goed en geneigd tot alle kwaad, tensy hy deur die Gees van God wedergebore word ([Heidelbergse Kategismus](#)), en selfs na die wedergeboorte bly die mens se ou natuur nog in hom voortlewe. Hoewel sy mag gebreek is, is hy geweldig sensitief vir enige prikkel. In 'n onbewaakte oomblik vlam hy

weer op soos 'n vuurtjie wat onder die assies gelê en smeul het maar deur die wind aangeblaas word.

Is daar, gedagtig aan alles wat hierbo oor dans as uitdrukking van die menslike natuur gesê is, 'n beter prikkel as dans om die ou sondige natuur weer te laat opvlam en die hele lewensloop aan die brand te steek?

4.7 Sewende gebod — en dans

Op die gebied van die seksuele lewe is die riggsnoer vir die heiligmaking die sewende gebod: "Jy mag nie egbreek nie" (Ex. 20:14). Die Here Jesus het in sy Bergrede 'n verklaring van hierdie gebod gegee. Hy sê: "Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het. As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie" (Mat. 5:27-29).

Dit gaan dus in die sewende gebod nie net om die uitwendige daad van egskeiding nie; dit gaan om die innerlike belewenis van die geslagtelikheid. Dié moet rein en heilig wees. Daarom verklaar die [Heidelbergse Kategismus \(Sondag 41, vr. 108\)](#) die gebod soos volg: "Dat alle onkuisheid deur God vervloek is en dat ons daarom van harte vyande daarvan moet wees en kuis en ingetoë moet lewe, in die huwelikstaat of daarbuite." Hoe kan 'n mens die sosiale paardans met alles wat daarmee saamgaan, met die uitspraak van die Here Jesus hierbo of ook met die woorde van die Kategismus rym? Maar dis nie al nie. Die Kategismus ([Sondag 41, vr. 109](#)) voeg nog 'n verdere verklaring daarby: "Omdat ons liggaam en siel tempels is van die Heilige Gees, daarom wil Hy dat ons altwee suiwer en heilig moet bewaar; daarom verbied Hy alle onkuisse dade, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat die mens daartoe kan verlei".

In die "Schatboek" van Ursinus (versorg deur Spiljardus, 1657, fol. 161), dit is 'n verklaring van die Heidelbergse Kategismus, word eksplisiet gesê dat God dans in die sewende gebod verbied. "Ten tweeden, worden in de Catechismo verhaalt de besonderste soorten die God in dit Gebod daer beneven verbiedt namelijk alle gelegtheden ende aanporringen tot vleeschelijke lusten hoedanigh zijn I. Onkuysche daden ofte wercken, namelijk onkuysch aentasten, vleeschelijck kussen: Prov. 7:13. danssen, waer in kussen en aentaste vryelick gepleeght worden; Rom. 13:13 ... 1 Pet. 4. daer't selfde woord Koomois, in den grondtext staet 't welck brasserien ende dansserijen beteekent want Comus was by de Heydenen de Bras-God ende de Dans-God." Die twee tekste waarna verwys word, lui voluit soos volg: "Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie" (Rom. 13:13). "Want dit is genoeg dat ons die afgelope lewenstyd die wil van die heidene volbring het deur te wandel in ongebondenheid, begeerlikheid, dronkenskap, brasserye, drinkparty en ongeoorloofde afgoderye" (1 Petr. 4:3). Die woord waar dit op aankom, is die Griekse woord *komos* (meervoud *komoï*) wat in die Afrikaanse Bybel met *brassery* vertaal is. Hierdie woord kom ook nog voor in Gal. 5:21, waar Paulus oor die werke van die vlees handel (vgl. hierbo, [punt 4.6](#)).

Die vertaling van *komos* met *brassery* sê eintlik maar net 'n deel van wat die Griekse *komos* in werklikheid was. (Die nuwe Afrikaanse Bybel vertaal *komos* met *uitspattigheid*. Dit sê ook nie alles nie.) Die woord *brassery* beteken "oordadige etery en drinkery; raserige fuif" (Schoonees e.a., 1965, p. 85). Maar die *komoï* waarna Paulus in Rom. 13 en Gal. 5 en Petrus in 1 Petr. 4 verwys, was meer as net oordadige eet- en drinkpartye. Dit was danspartye. Die

Griekse *komoi* het altyd met dans gepaard gegaan; trouens, dit was later die naam van 'n soort dans. "De stroom van Asiatische dansen die daardoor in Griekeland losbrak, moet het hele gebied hebben gekleurd dat wij samevatten onder de term *komos*" (Sachs, 1969, p. 261). Die Grieke was baie lief vir dans. Hulle het selfs 'n gesegde gehad: Hy wat nie dans nie, ken nie die lewe nie. Op talle Griekse vase en kruike word die *komoi* afgebeeld: Jongmense in alle houdings en stande van die ou vrugbaarheidsrites, "welbekende dansen, die van hun religieuse betekenis ontdaan, gedegenerereerd zijn tot het ten toon spreiden van lichamelijke charmes en het expressielijk opwekken van begeerte bij de man" (Sachs, 1969, p. 261).

'n Mens sou dus die woord *komos*, waar hy in die Nuwe Testament voorkom, ewegoed met dansparty kon vertaal. Trouens, so dui Liddell en Scott dit in hulle woordeboek aan: "Komos, a revel, carousal, merrymaking, Lat. *comessatio*, with music and dancing" (p. 402j). *Komos* was ook die naam van 'n Griekse god. Die feeste ter ere van *Komos* het gewoonlik plaasgevind na die insameling van die wynoes en het in noue verband met die feesviering ter ere van Dionysus die wyngod, gestaan (Souter, 1956, p. 143). Die Afrikaanse woord *koma*, beswyming, is ook van die Griekse *komos* afgelei, waarskynlik omdat die mense hulle by die komosfeeste in 'n beswyming gedans en gedrink het. Bankette, feesmaaltye, het dikwels in Griekeland in 'n *komos*, 'n dansparty geëindig. Ginner (1960, p. 89) beskryf die *komos* as 'n "riotous performance by the guests. The komos was a wild exaggerated imitation of the Dionysic dances". Die jongmense veral het so opgesweep geraak deur die komosdans dat hulle ná so 'n dansparty tot laat in die nag "roamed the streets dancing the komos, shouting and singing round anyone whom they happened to meet, and even invading the people's houses" (Ginner, 1960, p. 88).

Die *komoi* was dus buite alle twyfel danspartye, 'n Griekse instelling soos die eietydse "dine and dance".

In Rom. 13:13 stel Paulus die werke van die dag teenoor dié van die duisternis, en hy noem die *komos* in een asem met ontug en ongebondenheid. In Gal. 5:21 klassifiseer hy die Griekse danspartye as werke van die vlees, net soos owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid. In 1 Petr. 4:3 sê die apostel dat dit genoeg is dat die Christene, toe hulle nog heidene was, volgens die begeerlikhede van die mense geleef het en die wil van die heidene volbring het deur te wandel in ongebondenheid, begeerlikheid, dronkenskap, *komoi* — ook te vertaal as danspartye — drinkpartye en ongeoorloofde afgoderye. Daarom, sê hy, "vind hulle dit vreemd as julle nie saamloop in dieselfde uitgieting van losbandigheid nie" (1 Petr. 4:4).

Uitgieting van losbandigheid — dit is wat 'n *komos* was.

Is daar 'n beter omskrywing van die eietydse danspartye?

Die wat hieraan deelneem, sê Petrus, "sal rekenskap gee aan Hom wat gereed staan om die lewende en die dode te oordeel" (1 Petr. 4:5).

4.8 Gebed — en dans

Die heiligmaking is uiteindelik 'n lewe van gebed, want God gee sy genade en sy Heilige Gees alleen aan diegene wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid en daarvoor dank ([Heidelbergse Kategismus, Sondag 45, vr. 116](#)). Wie erns maak met die roeping tot heiligmaking, sal sonder ophou bid: "Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose" (Matt. 6:13). In hierdie bede uit die Ons Vader-gebed trek sowat alles saam wat hierbo gesê is oor dans en die Christen se roeping tot heiligmaking. Dit blyk pragtig uit die verklaring wat die Heidelbergse Kategismus ([Sondag 52, vr. 127](#)) van die bede gee: "Omdat ons in onself so swak is dat ons nie een oomblik sou kan stand hou nie, en daarby nog ons

doodvyande, die duiwel, die wêreld en ons eie vlees, nie ophou om ons aan te val nie, wil ons tog staande hou en versterk deur die krag van u Heilige Gees, sodat ons in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie maar altyd sterk teëstand kan bied, totdat ons eindelijk vergoed die oorhand behou."

Die duiwel, die wêreld en ons eie vlees, ons drie doodvyande, werk saam in 'n onheilige bondgenootskap om die ondergang van die gelowige te bewerkstellig. Is daar 'n plek waar hulle beter saamwerk as juis op die dansbaan? Daar, sê Calvyn (s.j., IV, p. 150), maak die mense die deur vir die Satan oop en roep hom om in te kom. Die slagoffers wat hy daar laat sneuwel het, is talryk.

Hoe kan 'n mens, terwyl jy dit alles by voorbaat weet, nog bid: Lei my nie in versoeking nie, maar verlos my van die Bose . . . en dan tog maar skaamteloos gaan dans? Dit is hierdie huigelagtigheid van die Christendanser wat Calvyn (vgl. [punt 1](#)) laat sê het: 'n Mens wat so iets doen, maak die deur oop, nooi die duiwel in, blinddoek God, slaan Hom in die gesig en sê dan aan Hom: Raai nou of ek kwaad gedoen het.

4.9 Wat jy saai, sal jy maai

Laat die danser wat homself 'n Christen noem, dit ter harte neem: "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.

Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai" (Gal. 6:7,8).

5. Kerklke uitsprake oor dans

Daar bestaan geen twyfel oor die standpunt van die Gereformeerde Kerke oor dans nie. By herhaling is dans deur die meerdere vergaderinge van Gereformeerde Kerke, sowel in die buiteland as in Suid-Afrika, veroordeel en selfs as 'n sensurabele sonde aangemerkt. Dit begin al so vroeg as die sinode van Dordrecht (1578), wat bepaal het dat diegene wat, na vermanings, volhard om te dans, van die nagmaal afgehou moet word. In 1622 het die Sinode van Gorinchem presies dieselfde besluit geneem.

Die Friese Sinode van 1602 het besluit dat die nagmaal verbied word vir ouers wat volhou om hulle kinders na dansskole te stuur.

Ook die sinode van Gouda het hom in 1640 teen dans uitgespreek. In ooreenstemming met hierdie besluit het die kerkraad van Middelburg in 1646 bepaal dat diegene wat nie wil belooft om van die dans afstand te doen nie, van die nagmaal afgehou moet word (vgl. Bouwman, 1912, p. 129 e.v.).

Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het die volgende besluit oor dans geneem: "Die Sinode waarsku ernstig die lede van ons Kerk dat dans 'n oortreding is van die sewende gebod ooreenkomstig Sondag 41 Heid. Kategismus en benoem 'n Kommissie van twee lede om 'n skrywe te rig aan ons kerkrade waarin die gronde aangegee word waarop dans veroordeel word en (vra) die Kerkrade om aktief teen hierdie sonde op te tree. Die stuk sal gepubliseer word ook in Die Kerkblad, na dit goedgekeur is deur die Teol. Professore" (Handelinge, 1927, p. 131).

Die skrywe waarna in bogenoemde Sinodebesluit verwys is, het in "Die Kerkblad" van 18 Oktober 1927 verskyn. Dit is opgestel deur di. I.D. Kruger en C.W.M. du Toit.

In 1926 het die "Provinsiale Sinode van die Gereformeerde Kerke" besluit dat twee deputate, tw. dr. P.J.S. de Klerk en ds. H.J. Venter, 'n brosjure moet uitgee "tot voorligting en waarskuwing van ons lidmate . . . in sake die toenemende sonde van dans" (De Klerk & Venter, 1926, p. 1).

Ook die NG Kerk het hom in hierdie verband nie onbetuig gelaat nie. Sy Sinode het besluit: "Die Sinode spreek dit as sy oorwoë mening uit dat hy hom nie met danspartye wat óf vir ontspanning, óf vir die insameling van fondse vir liefdadigheid, of vir watter doel ookal gereël word, kan vereenselwig nie" (Handelinge, 1965, E, 5, p. 658). En ook: "Die Sinode spreek hom uit teen huweliksonthale waar drankmisbruik, danspartye en suggestiewe grappe aan die orde van die dag is" (Handelinge, 1965, E, 6, p. 658).

By die Gereformeerde Kerke is daar dus geen twyfel nie: dans is sonde en wel van so 'n aard dat daar sensuur toegepas behoort te word oor diegene wat daarin volhard.

6. Slotsom

Op die vraag of die Christen mag dans, het uit die voorgaande studie die volgende geblyk:

- 6.1 Dans as ritmiese beweging van die liggaam op die maat van die musiek is nie noodwendig oneties nie. Die godsdienstige koordanse in die Bybel, byvoorbeeld, was tot eer van God.
- 6.2 Sosiale paardans as spontane uiting van die menslike natuur ('n natuur wat deur die sondeval geheel en al verdorwe is en sonder die wedergeboorte onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad) is 'n opwekker, uitdrukking en kommunikasiemiddel van seksualiteit, veral promiskue seksualiteit, dikwels geïntensifiseer deur opswepende musiek, spesiale beligting, alkohol en suggestiewe kleredrag.
- 6.3 Die eietydse sosiale paardans het 'n revolusionêre inslag en is op die maat van psigedeliese musiek, soms met 'n sterk antichristelike strekking en uiterste seksuele perversiteit, soos dit in slaafse navolging van beroemde danssterre uitgevoer word, nie net 'n bedreiging vir die Christelike sede nie maar selfs vir die voortbestaan van kerk, staat en maatskappy.
- 6.4 Die roeping van die Christen, volgens Skrif en Belydenis, tot heiligmaking, vernuwing na die beeld van Christus, bekering, wêreldversaking, vervulling met die Heilige Gees in 'n lewenswandel volgens die eise van die sewende gebod saam met die gebed: Lei ons nie in versoeking nie maar verlos ons van die Bose, laat geen plek in die lewe van die gelowige vir so 'n uitgieting van losbandigheid as wat al in die Griekse *komoi* voorgekom het, en wat vandag nog voorkom in die sosiale paardans, en wat in die eietydse revolusionêre dansvorme 'n demoniese uiterste bereik het.
- 6.5 Dit sal stellig nie moontlik wees om sosiale paardans, waarby die opwekking en kommunikasie van seksualiteit as't ware 'n onlosmaaklike gegewe is, met behoud van wat die moderne mens en veral die eietydse jeug in dans soek, tot 'n "Gereformeerde dans" te stiler waaraan die Christen met 'n goeie gewete tot eer van God kan meedoen nie. Danspartye onder toesig is ewe-eens 'n onrealistiese, onpraktiese stuk selfmisleiding.
- 6.6 Die slotsom waartoe eerbiedwaardige Christene soos Calvyn en Totius (en dit sal nie moeilik wees om die lysie met baie name uit te brei nie) geraak het, is dat dans 'n sondige praktyk is waardeur die deure vir die duiwel oopgemaak word om sy verwoestingswerk te verrig.
- 6.7 Die besluite van talle kerklike vergaderinge deur die eeue keur dans af. In die geval van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika staan daar 'n sinodebesluit wat inhou dat lidmate wat volhard om te dans, voorwerpe van dissiplinêre bearbeiding en tugoefening is. Daar is op grond van Skrif en Belydenis geen rede om hierdie sinodebesluit te verander nie. Inteendeel, die eer van God en die behoud van lidmate eis dat hierdie besluit gehandhaaf en toegepas sal word.

Bronnelys

- ANON, 1936. Dancing (*In Parrish, F.M. The new standard encyclopaedia. London, Odhams.*)
- ANON, 1925. Dans (*In Grosheide, F.W. e.a. Christelike Encyclopaedie voor het Nederlandsche Volk, I. Kampen, Kok*)
- ANON, 1980. Elvis se laaste gebed. *Huisgenoot*, 107: 18-21; 31 Januarie.
- ANON, 1979. Gee die jonges meer dansplek, vra Raad. *Potchefstroom Herald*, 2692: 1; 4 Desember.
- BAVINCK, H. 1911. Gereformeerde Dogmatiek, IV. Tweede herziene en vermeerderde druk. Kampen, Kok.
- BOUWMAN, H. 1912. De kerkelijke tucht. Kampen, Kok.
- CALVYN, J. s.j. Het gepredikte Woord. Preeken van Johannes Calvijn. Vertaald door Douma, J. & Van der Vegt, W.H. IV, Preeken over den Decaloog. Franeker, Wever.
- CALVYN, J. 1891. Institutie. Opnieuw uit het Latijn vertaald. Baum, G. e.a. Kampen, Zalsman.
- DE KLERK, P.J.S. & VENTER, H.J. 1926. Dans beskou in die lig van Gods Woord. Kaapstad, Nasionale Pers.
- DU TOIT, J.D. 1977. Versamelde werke, 5. Kaapstad, Tafelberg.
- ELLFELDT, L. 1976. Dance: from magic to art. Dubuque, Iowa, Brown.
- GEESINK, W. 1931. Gereformeerde Ethiek, II. Voor den druk gereed gemaakt en voorzien van een levensbescrijving door V. Hepp. Kampen, Kok.
- GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1927. Handeling van die twee en twintigste Sinode Vergadering. Bloemfontein, Nasionale Pers.
- GINNER, R. 1960. Gateway to the dance. London, Newman Neame.
- HASKELL, A.L. 1960. The story of dance. London, Rathbone.
- H'DOUBLER, Margaret, N. 1966. Dance. A creative art experience. Madison, University of Wisconsin.
- LIDDELL & SCOTT. 1935. Abridged lexicon. Oxford, Clarendon Press.
- NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. Sinode. 1965. Handeling van die vyf en dertigste vergadering. Kaapstad, Nasionale Handelsdrukkery.
- QUIREY, B. 1976. May I have the pleasure? London, British Broadcasting Corporation.
- SACHS, C. 1969. De geschiedenis van dans. Utrecht, Spectrum.
- SCHIPPERS, R. 1955. De Gereformeerde zede. Kampen, Kok.
- SCHOONEES, P.C. e.a. 1965. HAT. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Klerksdorp, Voortrekkerpers
- SOUTER, A. 1956. A pocket lexicon to the New Testament. Oxford, Clarendon.
- SUID-AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE. 1978. Verslag betreffende die egskedingsreg en aangeleenthede wat daarmee verband hou. Pretoria, Staatsdrukker.
- URSINUS, A. 1657. Schatboek. Van nieuws na de publijcke oversettinge des Bybels oversien door J. Spiljardus. Amsterdam, Ravesteyn.
- VAN DER HOVEN, H.G. 1971. Psigedeliese musiek. *Slingervel* 13, 160. Desember.
- VAN DER WALT, S.P. 1964. Dans — is dit sonde? (*In J.V. Voorpos, Die gemeentestudiegids. Piet Retief.*)
- VAN DE VELDE, Th. H. 1977. Die volkome huwelik. Johannesburg, Perskor.
- VAN WYK, J.H. 1975. Die etiek van dans. (*In Instituut vir die bevordering van Calvinisme. Studiestuk 97. Potchefstroom, PU vir CHO.*)

----- Voetnote -----

HK Sondag 3

Vraag 8: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is?

Antwoord: Ja (a), behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word (b).

- (a) [Gen 8:21](#); [Gen 6:5](#); [Job 14:4](#); [Job 15:14](#), [Job 15:16](#), [Job 15:35](#); [Joh 3:6](#); [Jes. 53:6](#).
(b) [Joh 3:3](#), [Joh 3:5](#); [1 Kor 12:3](#); [2 Kor 3:5](#).

HK Sondag 12

Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?

Antwoord: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).

- (a) [Hand 11:26](#).
(b) [1 Kor 6:15](#).
(c) [1 Joh 2:27](#); [Hand 2:17](#).
(d) [Mat 10:32](#); [Rom 10:10](#).
(e) [Rom 12:1](#); [1 Pet 2:5](#), [1 Pet 2:9](#); [Openb 1:6](#); [Openb 5:8](#), [Openb 5:10](#).
(f) [1 Pet 2:11](#); [Rom 6:12-13](#); [Gal 5:16-17](#); [Ef 6:11](#); [1Tim 1:18-19](#).
(g) [2Tim 2:12](#); [Mat 25:34](#).

HK Sondag 32

Vraag 86: Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?

Antwoord: Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys (a) dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys (b) word: Verder, sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry. (c), en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen (d).

- (a) [Rom 6:13](#); [Rom 12:1-2](#); [1 Pet 2:5](#), [1 Pet 2:9](#); [1 Kor 6:20](#).
(b) [Mat 5:16](#); [1 Pet 2:12](#).
(c) [2 Pet 1:10](#); [Mat 7:17](#); [Gal 5:6](#), [Gal 5:22](#).
(d) [1 Pet 3:1-2](#); [Rom 14:19](#).

HK Sondag 33

Vraag 88: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

Antwoord: Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (a).

(a) [Rom 6:1](#), [Rom 6:4-6](#); [Ef 4:22-24](#); [Kol 3:5](#), [Kol 3:6](#), [Kol 3:8-10](#); [1 Kor 5:7](#); [2 Kor 7:10](#).

Vraag 89: Wat is die afsterwing van die ou mens?

Antwoord: Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug (a).

(a) [Rom 8:13](#); [Joël 2:13](#); [Hosea 6:1](#).

Vraag 90: Wat is die opstanding van die nuwe mens?

Antwoord: Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus (a) en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe (b).

(a) [Rom 5:1](#); [Rom 14:17](#); [Jes 57:15](#).
(b) [Rom 6:10-11](#); [Gal 2:20](#).

[HK Sondag 41](#)

Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek (a), en daarom moet ons dit hartgrondig haat (b). Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (c) sowel binne as buite die huwelik (d).

(a) [Lev 18:28](#). (b) [Judas 23](#). (c) [1 Thess 4:3-5](#). (d) [Heb 13:4](#); [1 Kor 7:7](#).

Vraag 109: Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbrek en sulke skandes nie?

Antwoord: Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons altwee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuise dae, gebare, woorde (a), gedagtes, luste (b) en alles wat 'n mens daartoe kan verlei (c).

(a) [Ef 5:3-4](#); [1 Kor 6:18-19](#).
(b) [Mat 5:27-28](#).
(c) [Ef 5:18](#); [1 Kor 15:33](#).

[Sondag 45](#)

Vraag 116: Waarom is die gebed vir die Christene nodig?

Antwoord: Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis (a): En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (b).

(a) [Ps 50:14](#). (b) [Mat 7:7](#); [Luk 11:9](#), [Luk 11:13](#); [1 Thess 5:17](#).

[HK Sondag 52](#)

Vraag 127: Wat is die sesde bede?

Antwoord: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie (a). Daarby hou ons doodsnyande, die duiwel (b), die wêreld (c) en ons eie sondige natuur (d), nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk (e) nie, totdat ons eindelijk die oorwinning volkome behaal (f).

(a) [Joh 15:5](#); [Ps 103:14](#).

(b) [1 Pet 5:8](#); [Ef 6:12](#).

(c) [Joh 15:19](#).

(d) [Rom 7:23](#); [Gal 5:17](#).

(e) [Mat 26:41](#); [Mark 13:33](#).

(f) [1 Thess 3:13](#); [1 Thess 5:23](#).

Dordtse Leerreëls Hoofstuk 3/4, Art. 12

Dit is die wedergeboorte, die nuwe skepping, die opwekking uit die dood en die lewendmaking waarvan die Skrif so heerlik spreek wat God sonder ons in ons werk. Dit alles word glad nie deur die uiterlike prediking alleen, deur morele oorrading of op enige ander wyse in ons gewerk nie, sodat, na die voltooiing van God se werk, dit dan in die mens se mag sou lê om weergebore te word of nie, om bekeer te word of nie. Dit is 'n volkome bonatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie aangename, wonderlike, verborge en onbeskryflike daad van God. Volgens die getuigenis van die Skrif wat deur Hom, die Outeur van hierdie werkinge, geïnspireer is, is dit in sy krag nie minder of geringer as die skepping of die opwekking van die dooies nie. Die gevolg is dat almal in wie se harte God op hierdie wonderlike wyse werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadig weergebore word en daadwerklik glo. Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God beweeg word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer.